Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Desember 2008
Jaargang 101 Nommer 9

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Kersfees – die kerk se fees, die wêreld se partytjie (Ds Johan Wagenaar)
- Bl 2 **Van die redakteur, prof Piet Geyser:** Die Woord het mens geword
- Bl 3 **Kerk en wêreld in perspektief**
  Doulos maak 'n verskil (Ds Peet Swanepoel)
  Kerkbouprojek in Soshanguve (Oudl Robbie Harvey)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  Kersboodskappe
- Bl 6 **Wat kerknuus aanbetref**
  Gemeente Parys in die sendingwêreld (Ds Frikkie Labuschagne)
  Prof Buitendag Departementshoof (Prof Ernest van Eck)
  Nuwe redakteur aangewys
- Bl 7 **Gespreksforum**
  Is ek 'n fondamentalis? (Lesersbrief)
  Gebruik 'n brugpredikant (Lesersbrief)
  Ons groet prof Van Zyl (Lesersbrief)
  Taal en kommunikasie (Tessa Oppermann)
- Agterblad **Oordenking**
  Kersfees, vreugdefees (Prof Wouter C van Wyk)

Prof Piet Geyser skryf in sy redaksionele berig onder meer soos volg:

Ons sluit aan by *Konteks* se boodskap vir Advent en Kersfees met die tema van medemenslikheid. Hoe kan dit anders wanneer ons regtig ernstig raak oor die boodskap dat God gekies het om mens te word – medemens te word? Die menswording van Jesus was ter wille van die herstel van die verhouding met God. Versoening van sondes deur Jesus se lewe, dood en oorwinning sal altyd die hart van ons verkondiging bly. Ons praat altyd graag van die vertikale verhouding. Dit gebeur inderdaad van bo na onder. Dit is God se daad. Ons kon dit nie self regkry nie. Daarom ons diepste dankbaarheid en lofprysing.

Ons kan dus met groot blydskap en dankbaarheid Kersfees vier. Ons sal seker ook verskillende maniere hê hoe ons dit gaan doen. Daar is ruimte vir vreugde saam met ons geliefdes en onderlinge blyke daarvan in wat ons aan mekaar wil gee. Daar is baie goeie grond om saam met die gemeenskap van gelowiges die eredienste by te woon en met oorgawe te sing, te loof en te prys. Daar is baie groot behoefte om ons saam voor God te verootmoedig in gebed en vir mekaar en vir almal in nood te bid.

...daar is ook die heerlike uitdaging om dit met God en Jesus Christus te waag in ons diensbaarheid aan mense in ’n wêreld wat baie groot nood het – fisies en geestelik. Kom ons benut hierdie Kerstyd om elkeen op ons manier en waar die geleentheid hom voordoen iets by te dra tot die sigbaarmaking van ons naasteliefde. Daar is soveel geleenthede, so baie mense wat nood het. Raak betrokke by ’n eensame bejaarde, kinders wat sorg nodig het, mense sonder brood op die tafel, liefdeloses en hopeloses. Gee iets – geld of kos; gee iets van jouself in hierdie feestyd. So kan ons wys dat die boodskap van God se menswording vir ons, ons lewens waarlik nuut gemaak het.

In sy Kersboodskap skryf ds David Barnard, voorsitter van die redaksie:

Jesus is in Betlehem in Judea gebore
tydens die regering van koning Herodes.
(Matt 2: 1)

Die idilliese toneel van die krip word treffend deur Matteus geskets. Hy slaag daarin om die fokus van ’n dreigende koning Herodes, met sy magsbeheptheid en brose selfbeeld, te laat skuif na die Heer wat tot ons heil gebore is. Die meeste uitbeeldings van die Kersgebeure fokus immers op die kindjie in die krip, omring deur weldoeners.

Ons het steeds die voorreg om tydens die feestyd vir ’n oomblik te vergeet van al die dreigende gevare, al die kommer en benoudhede wat ons leefwêreld vul. Vir ’n kort tydjie kan ons ook meegevoer word na die romantiek van die kriptoneel. Ons kan deel in die opgewondenheid van kinders en die rustigheid wat by ouers en grootouers te vind is. Ons kan onsself laat wegraak in die boodskap van hoop.

Die bedoeling sou egter ook wees dat die Vredevors se geboorte ons normale lewensgang sou beheer. Die romantiek, die geduld, die vrede, die opgewondenheid hoort deurlopend tuis in die lewe van Jesus se volgelinge.

Mag u daarom in hierdie feestyd, maar ook in die dae en maande wat daarop volg, die vrede van ons Here ervaar.
Mag dit u denke, woorde en dade beheers.